KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 263 **20 Julie 2009**

TOULEIER

Kinderhuisfonds soek nog jóú hulp!

Vandag 40 jaar gelede het die mens sy voet vir die eerste keer op die maan gesit. Hoekom onthou ek dit so goed? Want vandag is ook my moeder se verjaarsdag. Lekker verjaar Moeks. Mooi getrap, Neil!

Daar is 'n baie oulike grappie oor hoe Neil Armstrong eintlik gesê het, "One small step for man, one giant leap for Manny Cohen" Daarna was dit nooit weer dieselfde gesegde vir my nie.

Belangrike gebeure wat in my lewe 'plek gevat' het (soos jats André Dippenaar laat weet ons Kaapse maatjies die woord 'took place' vertaal).

Die week wil ek sommer ook plek vat en padlangs praat en so in die algemeen gesels oor goeters en dinge aangaande Onsdorp, Kammanuus en die Internet.

Kinderhuisfonds

Eerstens baie dankie vir die stewige hupstootjie wat veral **Christo en Erna van Wyk** (ook hier van Katar) ons Bloemfonteinse Kinderhuisfonds gegee het! Dan is mens ook in nederigheid dankbaar vir pensionarisse soos **Tillie en Kalfie** wat ook húlle bydraes gemaak het om te sorg dat ons kinders nie mag ly nie.

Kammanuus gaan 'n geskenkbewys van R200 gee as prys vir een gelukkige skenker wat gedurende die volgende maand 'n bydrae maak.

Dit gaan só werk. Maak 'n inbetaling of reël 'n aftrekorder by jou bank. Stuur dan vir my 'n e-pos. In die onderwerpspasie tik jy net in hoeveel Christo en Erna geskenk het (bv. R250)

Jy sal dus 'n plan moet maak om op die Kinderhuis Webwerf uit te kom, of iemand vra wat kan gaan kyk namens jou.

Die adres is: www.onsdorp.com/bloemfonteinkinderhuis. Daar gekom, kan jy op die finansies-bladsy gaan kyk wat al ingevorder is. Die prystrekking is 15 Augustus.

Onsdorp het so 'n paar jaar gelede oor die R40,000 ingesamel vir 'n Kinderhuis. Komaan julle, laat ons kyk of ons hierdie keer daarop kan verbeter!

Stuur jou inskrywing aan: pos@onsdorp.com

Hier is die bankbesonderhede vir jou skenkings:
Rekeninghouer: HJ Greeff
Tipe: Bob spaar
Rekeningnommer: 60379199926
Takkode: 254 605
Tak: Stilfontein.

Doen dit vandag nog want...ons kindertjies mag nie ly nie!

Maak só as jy sukkel met aflaai

Dankie ook vir die goeie terugvoering wat ek gekry het van julle almal oor of jy die nuutste **Kammanuus** kon aflaai al dan nie. Sowat 40 lesers kon die ding glad nie sien op die webwerf nie. Blykbaar is dit net nodig om jou 'BROWSER' te verfris of te 'REFRESH' soos ons Ingilse maatjies sê. (Op die meeste programme is dit daai twee groen pyltjies regs van die adresbalkie.) Dié wat steeds sukkel, laat weet gerus dan maak ons 'n ander plan.

So van die os oppie jas, wat is die goeie Afrikaans vir hierdie bostaande twee woorde? Hier is twee van my eie woorde: Slentergeskiedenis en Websluiper. Mooi loop en wyd kyk,

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

ROELFIE
SLAAT RAAK

✤ Die myne is myne!



FOOLIUS DILEMMA en sy sandputkinders, die SAKP en Cosatu se jongste eis is dat die myne genasionaliseer moet word.
Dit terwyl daar reeds lankal te min kundigheid is om enigeen van die staatsdedepartemente of munisipaliteite te bestuur.
Moet die myne nou ook die pad loop van Die Landbank, Telkom, Eskom, die SAL en die SABC?
Wat die SABC betref, slaan Zapiro die spyker weer 'n voltreffer: Die ou raad was Mbeki-mense, die nuwes is lojaal aan Zuma.
►En die mense wat oor die kundigheid beskik, word weer weggelaat oor hul gebrek aan politieke dienstigheid.

✤ Baie geluk, maar . . .

ROELFIE is mos 'n regte ou sinikus. Toe hy so na die koerante se fees rondom Michael Jackson se afsterwe kyk, kon hy nie help nie om te wonder wat hulle gaan doen as iemand wat nou regtig belangrik is, doodgaan.

Die afgelope naweek was die hele land weer op hol oor Nelson Mandela se verjaardag. Ja, goed, hy is vir ewig sy ikoniese beeld gewaarborg, maar hoe lyk die keersy?

• Mandela het persoonlik die groen lig gegee vir die Kerkstraat-bom van 1983 waarin 19 mense dood en meer as 200 beseer is. (Dit staan so in sy outobiografie, The Long Walk to Freedom.)
• Hy het in al die jare in die tronk onwrikbaar geweier om van geweldpleging af te sien.
• Aan sy hande is die bloed van derduisende mense, hoofsaaklik swartes wat deur swartes doodgemaak is.
• Die misdade in die Quattro-kamp is ook geregverdig en gerieflik onder die mat ingevee

Het hy berou hieroor? Is hy deur die Waarheids-en-Versoeningskommissie verhoor?

Mandela se nalatenskap is 'n land wat op elke vlak in duie stort weens onbevoegde en korrupte staatsamptenare. Die infrastruktuur is aan flarde - maar die ministers dans en sing en hou partytjie en soek vir hulle duur motors uit. Terwyl die mense wat "bevry" is, in baie gevalle die ergste ly . . .

►Baie geluk met jou 91ste verjaardag, meneer, maar Roelfie sien nie kans om jou nalatenskap te vier nie.

✤ Selfvernietiging

SWART Duskantlanders is in 'n oorlog met hulself gewikkel. Hulle stem oorweldigend vir die ANC, en begin dan dadelik weer betoog teen swak dienslewering.
Hulle betoog teen gesondheidsdienste, en dan brand hulle sommer 'n kliniek en 'n hospitaal af.
►In suksesvolle lande word regerings uitgestem, en word brandstigters in die tronk gestop.

✤ Skotvry

NELSPRUIT in Mpoepallankal se polisiemag is van 24 tot 6 gesny omdat daar geen vordering gemaak word in die diefstal van byna R4 miljoen se Mandrax-tablette nie.
Dis nou nie juis wat Roelfie optrede teen onbevoegdheid sal noem nie. Om hulle na ander stasies te verplaas, verplaas ook net die onbevoegdheid.
►Word niemand dan meer aangekla of beboet nie?

✤ Onsigbare spietkops

IN Slaapstad gaan daar nou spietkops sonder uniforms in ongemerkte karre losgelaat word om die slagting op die paaie teen te werk.
Dis nou terwyl sigbare polisiëring juis is wat nodig is, en dan moet hulle ook nie onder bome geparkeer wees nie. Roelfie stop vir g'n man in gewone klere nie.
►Of dalk is die proses al jare gelede in gebruik geneem, want dis moeilik om te onthou wanneer laas 'n spietkop in die Kaap op die pad gesien is.

Allegaartjie

Al ooit gewonder hoe die media die oordeelsdag sal aanbied?

ROOI ROSE
Susan Coetzer kuier met engele

SARIE
Nou het jy nie vriendinne nodig nie

VROUE KEUR
Hemelse resepte – gratis bylae

LANDBOUWEEKBLAD
Koringoes verbrand tot as

KERKBODE
Kerkhereniging slaag

FIN24
Rand se gly verby

DE KAT
Anna-Mart se laaste ure

Slim dokter gee raad

V: Ek het gehoor oefening kan my lewe verleng. Is dit so?

A: Twak. Jou hart is net goed om 'n sekere aantal kere te klop. Alles slyt uiteindelik.

Om jou hart vinniger te laat klop sal nie jou lewe verleng nie. Jou kar sal ook nie langer hou as jy vinniger ry nie.

Wil jy langer leef? Vang gereeld 'n slapie.

WILDE DEFINISIES

HUWELIKSERTIFIKAAT:
'n Soort Jaglisensie wat jou tot een bok beperk.

KREDIETKAART:
Iets waarvan die limiet ook die mikpunt is.

BABA:
'n Soort engel waarvan die vlerke korter word namate die bene langer word.

ETENSTYD:
Die enigste tyd wanneer 'n kind nie wil eet nie.

GESINSVAKANSIE:
Wanneer jy alles saamneem waarvan jy eintlik wil wegkom.

GEWETE:
Iets wat pla as alles baie lekker gaan;

UNIVERSITEITSGRAAD:
Kwitansie wat 'n kind ontvang vir die rekening wat pa betaal het.

En dan wonder hy hoekom hy nêrens werk kan kry nie!

Slaper word ryk

'n Hollandse student het 'n manier gevind om ryk te word sonder om op te staan.

Yde van Deutekom (23) het 'n webwerf geskep met regstreekse foto's van hom in die bed.

Hy het nou reeds 30 dae in die bed deurgebring, en in daardie tyd het sy werf al 350 000 besoekers gehad. In die proses het hy al £7 000 verdien deur advertensieruimte te verkoop.

"Slaap is al waarmee ek goed is," het hy gesê.

"Almal wil weet wat ek met my lewe wil doen, maar eintlik wil ek net slaap."

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO

Sê nou die Duitser se plan het gewerk?

Deur Lappe Laubscher

Jare gelede, so herinner ek my, het regsgeleerdes in gevalle waar hulle iemand moes verdedig wat ooglopend skuldig was, soms gevra dat die hof moes bevind dat die beskuldigde tydelik waansinnig was. Dit sou dus beteken dat so 'n persoon nie toerekeningsvatbaar was toe die misdaad gepleeg is nie.

Of die argument nog 'n geldige argument is, laat ek oor aan diegene wat meer as ek van sulke sake weet.

Stap vandag deur die ou begraafplaas in Kerkstraat-wes en as jy 'n bietjie soek, sal jy by die graf van Hans Cordua uitkom. Nou nie juis 'n naam wat jy in elke geskiedenisboek sal kry nie.

Hans Cordua was 'n Duitser wat teen 1896 na die ou Transvaal gekom het. Toe die Anglo-Boereoorlog in 1899 uitbreek, het hy hom as vrywilliger en offisier by die Staatsartillerie aangesluit. Toe Pretoria ná net 'n bietjie minder as agt maande in Britse hande geval het, het Cordua oënskynlik besluit genoeg is genoeg, homself oorgegee en die eed van getrouheid aan koningin Victoria geteken.

Herr Cordua het egter nog glad nie sy veglus verloor nie. In sy kop het 'n plan begin posvat waarmee hy feitlik eiehandig die oorlog vir die Boere kon wen. Of so het hy gedink.

Cordua het gereken dat as hy die Britse aanvoerder, Lord Roberts, kon ontvoer kan hy die bejaarde krygsman gyselaar hou. Hy sou dan dreig om Roberts dood te maak indien al die Britse troepe nie uit Suid-Afrika onttrek word nie.

Die eerste stap in sy plan was om hom as vrywilliger by die Britse weermag aan te sluit. Verbasend genoeg het die Britte hom in hul midde verwelkom en hom van 'n Britse kakie-uniform voorsien. En toe maak hy droog. Hy begin by van die plaaslike drinkplekke spog oor sy plan.

'n Engelsman was nog nooit juis 'n vergewensgesinde spesie nie. Toe hulle van Cordua se plan hoor, is hy onmiddellik in hegtenis geneem en voor 'n krygshof gedaag. Hier is hy met die spreekwoordelike boek gegooi. Hy is aangekla dat hy (1) onder valse voorwendsels die uniform van `n soldaat in Haar Majesteit se weermag bekom het, (2) sy eed van getrouheid verbreek het en (3) beplan het om 'n sekere Britse offisier te ontvoer.

Hy is op al die aanklagte skuldig bevind en op elkeen tot die dood veroordeel. Op 24 Augustus 1900 het hy voor 'n vuurpeloton aan sy einde gekom.

Ver van sy vaderland en sy geliefdes het Hans Cordua roemloos gesterf.

Staan ek nou die dag weer by sy graf. Toe wonder ek: Was hy ernstig, of het hy sy planne in 'n oomblik van tydelike waansinnigheid gesmee?

Ek meen, dink net as sy plan kon gewerk het . . .

KOSMAAK in die oorlog

Een van die daaglikse pligte op kommando was om vee te slag. Die vleis is in stukke gesny en op die gelsagte dier se wel gepak. Die vleiskorporaal het 'n naamlys in sy hand gehad en met sy rug na die uitdeler gestaan. Die uitdeler het met 'n stuk vleis in sy hand gestaan, en dit het dan gegaan aan die man wie se naam uitgelees is.

Groepies in dieselfde korporaalskap het kookspanne gevorm wat mekaar afgewissel het.
Wanneer vleis oor die kole gebraai is, het elkeen vir homself gesorg. 'n Gewilde metode was om stukkies maer en vet vleis aan 'n spit te ryg. Vleis is dikwels ook direk op kole gebraai of onder die warm as toegekrap.

Biltong is van repe gepekelde rou vleis gemaak en dit is dikwels in die saalsak gebêre wanneer die burger vir 'n paar dae op patrollie uit is.
Uitgeholde miershope waarvan die poreuse openinge met vars klei of beesmis toegesmeer is, het veral in die guErrillafase uitstekende oonde uitgemaak.

Dié week se giggels

As jy ooit só 'n nommerplaat teëkom:

Gaan verby, maar moet om hemelsnaam nie toet nie!

WYSE GRYSE

Die bergie lê onkapabel op 'n sypaadjie in Adderleystraat en 'n groep vergader spoedig om hom.

"Gee hom 'n dop brandewyn," sê 'n ou tannie.

"Staan terug en gee hom lug," sê 'n man.

"Gee hom 'n dop brandewyn," sê die ou tannie weer.

"Bel 'n ambulans," sê 'n man.

So hou die gebabbel 'n paar minute lank aan, totdat die bergie regop sit en skree:

"Mar sil djulle ammal sjarrap en virrie ou antie lyster?"

DIT HANG AF . . .

Toeris aan wildbewaarder:

"Is dit waar dat 'n leeu jou nie sal aanval nie as jy 'n sakkie met knoffel met jou saamdra?"

Wildbewaarder: "Dit gaan alles afhang van hoe vinnig jy die knoffel kan dra."

GOED GESÊ

Geluk is om 'n groot, intieme, liefdevolle familie in 'n ander stad te hê.
-- George Burns

Dis makliker om pantoffels te dra as om die hele wêreld met 'n mat te bedek.
-- Al Franken

Pret vir die hele gesin bestaan nie.
-- Jerry Seinfeld

LOGIKA

Soos gewoonlik het die man weer iets onnosel aangevang, en die vrou het hom deeglik geroskam.

Ná 'n ruk het hulle weer gesoen en opgemaak.

Die probleem was net dat sy die saak van tyd tot tyd tot sy verleentheid weer opgehaal het.

Uiteindelik sê hy: "Liefie, ons het ooreengekom om te vergewe en te vergeet?"

"Ja," sê sy. "Ja, maar ek wil nie hê jy moet vergeet dat eK vergewe en vergeet het nie."

MOEILIKE TOETS

Twee blondines staan by 'n bushalte en gesels.

Nommer 1: "Ek moet môre vir 'n swangerskaptoets gaan."

Nommer 2: "Sjoe! Ek sal vir jou duim vashou. Ek hoop nie die vrae is te moeilik nie."

MISVERSTAND

Die blondine word deur 'n Uno raakgery. Haar verskoning? "Ek het hom sien kom, maar ek het gedink dis 'n groot kar wat nog ver is."

LEWENSKOSTE

Oupa het graag vertel van sy jongdae, en hoe laag die lewenskoste was.

"Toe ek 'n kind was, het my ma my winkel toe gestuur. Dan koop ek salami, twee pinte melk, ses lemoene, 'n tydskrif en 'n paar jeans . . . en ek betaal net R5."

Toe sug hy hard, en voeg by: "Jy kan dit nie vandag meer doen nie - hulle het nou oral kameras."

GOED GENOEG

Outjie: "Mmmmmy mmmma wil mmmy hhakkelssskool toe ssstuur."

Pêl: "Hoekom? Jy hakkel dan so goed?"

BC deur John Hart

Duskantlander in Anderkantland

Oz het baie voordele bo Engeland

MARI SCHMIDT het verlede keer vertel van haar lewe in Engeland. Hierdie keer vergelyk sy dit met haar besoek aan Australië.

Agt jaar later het ek genoeg koud gekry, Engeland vaarwel geroep, en terug suid getrek - na Sydney in Australië. Ek was oortuig dat Engeland die mees regeerde, beheerde en gekontroleerde land in die wêreld is.

Dis totdat ek my voete Doer Onder neergesit het. Genoeg rooi (en deesdae groen) *tape* om die rivier Murray-Darling tien keer oor af te meet.

Nou eers besef ek hoe ek die buitelewe al die jare in Engeland gemis het. En die genot om weer elke aand die alombekende Suiderkruis te kan sien.

Om enige tyd van die jaar buite te kan wees sonder dat jou tone opvries en jou oë traan.

Om nie meer die ys van jou kar se voorruit af te hoef skraap nie.

Om vir meer as drie naweke in 'n jaar in 'n tent te kan bly.

Om weer 'n vuur te kan maak sonder dat die bure se wasgoed aan die ander kant van die klein draadheininkie gerook word.

Die son wat die wit waks uit jou skyn.

Ek sien weer windpompe.

En bowenal, om 'n parkeerplek te kry!

Aan die ander kant is Australië net naby aan Australië, en ek mis die groot opgewondenheid om op Heathrow te sit en al die ander lande voel so binne bereik van my jeukende alie.

Al die oorsese sport gebeur in die middernagtelike ure, en 'n mens sou kon dink dat die Olimpiese Spele 'n fênsie-dênsie swemgala was, gemeet aan wat daar op TV te siene was.

As ek huis toe bel, is een van ons amper vas aan die slaap en die ander een het nou net wakker geword. Maar dan, hoe groot was die lekkerte toe die Protea-krieketspan hier kom gatskop het!

Ek ry weer op paaie wat stof opskop en die gras is geel.

Maar wie weet of dit regtig groener is as Engeland s'n, of geler is as Suid-Afrika s'n?

Ek sal nooit weet nie. En tot dan toe bly ek vir die Cheetahs skree.

Klagtes aan die munisipaliteit

Ingestuur deur André Dippenaar, Vredenburg

- Ons kombuisvloer bly klam. Ons het 2 kinders en wil graag ’n derde enetjie bykry. Stuur asb. iemand wat iets daaromtrent kan doen.
- Die toilet is steeds verstop en ons kan nie die kinders bad voordat dit reggemaak is nie.
- Kan julle asb. iemand stuur om na my water te kom kyk. Dis ’n snaakse kleur en mens kan dit nie drink nie.
- 50% van die mure is klam, 50% het pleister wat afkom en 50% is sommer net vuil.
- Ons toiletsitplek is in die helfte gebreek en is nou in drie stukke.
- Ek het nou al julle klerk van werke 6 keer op die vloer gehad maar ek kry steeds geen bevrediging nie.



Stories uit die stoomtyd

Aangebied deur WERNA MARITZ

Kort en kragtig

'n Baanmeester is die persoon wat die treinspore regmaak, hulle in stand hou en ook help by ontsporings. In die geval van 'n ontsporing moes hy ook 'n verslag instuur hoofkantoor toe. 'n Baie lang uitgerekte verslag het egter die base se agterdog gaande gemaak, en vir hulle het dit net een ding beteken: Die ou was besig om te lieg!

Theo Kleinhans se pa, oom Frederick Kleinhans, was self daar toe 'n sekere Engelse baanmeester gedurende die vyftigerjare uitgeroep is vir 'n ontsporing.

Gestasioneer by Visrivier-stasie in die Cradock-distrik het hy na die ongeluk-stoneel vertrek, waar hy die trok op die spoor gesit en die ontsporingstoneel opgeruim het. Die ellelange verslag wat hy daarna hoofkantoor toe gestuur het, het egter vir hom 'n boete van £10 op die hals gehaal.

'n Maand later was daar weer 'n trok wat ontspoor het en was dit weer die Engelsman wat die trok op die spoor moes gaan sit en die ongelukstoneel opruim.

Sy verslag was ksort en kragtig:

"Truck off, on and gone!"

Hy het daarna nooit weer iets van die saak gehoor nie.

Baas moet óm my ry

'n Baie goeie vriend van Fanjan Coetzee, Marius Calitz, se pa was 'n treindrywer op Stanger in Natal. By een geleentheid het hy van Manzini-stasie na Tugela gery. Op een stuk van die trajek waar hy ver vooruit kon sien, het hy iemand op die spoor sien sit. Hy het die stoomlokomotief se fluit aanhoudend getrek, maar die persoon het verseg om pad te gee en hy was hy verplig om die remme aan te slaan.

'n Entjie voor die hoogs besope man het die lokomotief met 'n kwaadaardige gesis tot stilstand geblaas. Die drywer het afgeklim en vir die man gevra wat hy op die spoor soek.

"Die baas," het hy sleeptong geantwoord terwyl sy slap arm in 'n wye sirkel óm hom beduie het, "moet só ry!"

Só koud?

Adriaan Lourens was nie self 'n spoorwegman nie, maar sy oom het hom vertel van die jare toe hy nog 'n drywer was. Dit was winter en snerpend koud toe hulle een spesifieke dag water op Fouriesburg ingeneem het.

Die stoker het klappertand bo-op die tender gestaan en die pyp vasgehou waardeur die water in die tender geloop het. Klaar daarmee, moes hy die kraan toedraai en die los waterpyp van die watertenk terugswaai, weg van die lokomotief af. Omdat hy nie die kraan behoorlik toegedraai het nie, het daar die oomblik toe hy dit wegswaai, nog water uit die pyp gekom en in 'n yskoue verassing oor drywer Lourens gestort.

'n Bietjie later was alle gevoelens herstel en vergete, maar sonder dat Lourens dit agtergekom het, het daar later danksy die koue water lang stalaktiete op sy pet gevorm.

Die verbaasde aanmerking van 'n passasier op die stasieperron het hom daarop attent gemaak. Sy trein was besig om baie stadig langs die perron in te rol toe die geskokte gesig meteens in die venster van sy lokomotief opdoem.

"Liewe genade oom!" het die ou gesê terwyl hy met pieringoë na die drywer se pet gestaar het. "Ek het nooit geweet dit word só koud op die ding nie!"

Vir ons beteken die oomblik 08:17 iets - iets baie belangrik as dit die tyd is waarop ons daaglikse trein vertrek. Vir ons voorgeslagte was dit sonder betekenis, het dit nie eers bestaan nie. Watt en Stevenson was deels ook die uitvinders van tyd.

-- Aldous Huxley (1894-1963)

So 'n bietjie PITKOS

Die maanlanding



VANDAG veertig jaar gelede het die mensdom sy eerste treë op die maan gegee en het Neil Armstrong sy geskiedkundige eerste woorde gesê: "One small step for man, one giant leap for mankind."

Die rotse wat die Apollo 11-sending en ander sendings teruggebring het – altesame 382 kg – het wetenskaplikes in staat gestel om talle mites oor die maan te verwerp.
Een van die verrassings was bewyse dat die maan eens deur 'n diep oseaan van gesmelte lawa bedek was.

Dit lê nog ver in die toekoms, maar ruimtetoerisme het argeoloë reeds aan die dink oor hoe historiese terreine bewaar en beskerm moet word.

"Tegnologies is die maanlanding seker die belangrikste gebeurtenis in die mens se geskiedenis. Dis soos die ontdekking van vuur, of die eerste klipwerktuie. Hierdie terreine moet beskerm word," het een van hulle gesê.

Sedert die Sowjetunie se Luna 2 in 1959 op die maan neergestort het, het 40 ekspedisies die oppervlak bereik, 22 deur Amerika.

Die Apollo-misies het 23 groot artefakte agtergelaat, insluitende die daal- en stygstadiums van die landingstuie, die derde stadium van die Saturn-vuurpyle wat gebruik is om hulle daar te kry en die voertuigies waarmee die ruimtereisig-ers die maan verken het.

Rondom hierdie oorblyfsels is 'n hele klomp kleiner artefakte en persoonlike items gestrooi, soos Armstrong se stewels, wetenskaplike instrumente en hul aandrywers en natuurlik die ikoniese Amerikaanse vlaggie wat op die maan geplant is.

Daar is ook die voetspore en wielspore wat behoue bly omdat daar geen wind of water is wat dit kan verstoor of verweer nie.

As daar eers konsensus is oor watter terreine bewaar moet word, moet riglyne opgetrek word om te keer dat hulle deur toekomstige missies beskadig word. Mense gaan pelgrimstogte na hierdie plekke onderneem, en dis belangrik om hulle te beskerm, word gesê.

Is die vlaggie nog daar?



MET Apollo 11 se vertrek van die maan het Buzz Aldrin (op die foto) gesê hy sien hoe die vlaggie omgewaai word, maar ons gaan dalk binnekort vir seker weet wat die toestand is van die goed wat alles agtergelaat is.

Is die eerste spore nog daar, of verkrummel hulle in die uiterste temperatuurskommelinge van -120 ºC tot 150 ºC?

NASA se Lunar Reconnaissance Orbiter (LRO) het pas sy eerste foto's van die Apollo-landingsterreine teruggestuur.

Baie beter foto's sal NASA later bereik, maar op die eerstes kan van die weten-skaplike instrumente reeds aan hul skaduwees uitgeken word, so ook die lan-dingsfases van die maanmodule waarmee Apollo 14 geland en weer opgestyg het.

Die hoek van die son was besonder gunstig vir Apollo 14 se landingsterrein, en die paadjie wat die ruimtevaarders tussen die maanmodule en die wetenskaplike instrumente uitgetrap het, is ook op die eerste foto's sigbaar.

Vyf van die ses Apollo-lndingplekke is reeds gefotografeer.

STAMBOOM

Verskyn hierdie keer ná AGTEROS

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Wenke vir die winter

Soos reeds genoem is SO MAAK MENS vandag nog net so relevant en aktueel soos destyds toe Tannie Esmé en oom Jan die aanbieders van die program op die destydse Springbokradio was.

Om dit in 'n hedendaagse of moderne inslag in te kleur bly dus net so maklik soos die moderne en hedendaagse vrae wat aan ons gestuur word. Kyk maar gerus na die webwerf se navrae.

Van nou af aan sal ons nie meer die werfie se dinge in kammanuus herhaal en andersom nie, so maak seker jy kry albei onder oë!

Om jou eie navrae te rig, gaan na: www.onsdorp.com en klik op SO MAAK MENS.

Vandag se wenke:

In die middel van die winter is dit goed om te weet dat veral die volgende groente en vrugte beskikbaar is:
Appels, avokado's, dadels, sitrus, papaja, pere, pynappels en beet, brokkolli, kool, pampoen, rape en seldery;
en dat die hulle in ons dieët ingesluit moet word want :
*****Seldery is goed om hoë bloeddruk te verlaag (so ook heuning!)
*Avokado is goed teen gewrigspyne, karpale tonnelsindroom, algemene ongemak in die hande, swelling en prikkeling.
*Vars lemoensap is goed om slaaploosheid teen te werk, en hou die winterskwale weg en versterk jou immuniteit, net soos wat alle groen groentes soos:
*Spinasie, Brusselse spruite, brokkolli en kool ook doen, én dit is goed vir jou geheue
*Rooi bessies soos "Cranberries" is uitstekend vir nierkwale en blaasinfeksies en onthou dat
*Kerrie, gemmer en borrie natuurlike liggaamsversterkers is teen koue en kwale, artritis en pyn!
*Rooibostee en gemmer is ook uitstekend teen sooibrand

(Rooibos is nie eintlik 'n tee nie, maar 'n kaffeïnvrye rooi krui van die Sederberge, belaai met anti-oksidante, teenverouderingseienskappe, vitamiene, minerale en ook wonderlik teen koliek .)

Gebruik dit mildelik in die wintermaande!

En waarna verlang ons Anderkanters die meeste? En waarna verlang meeste Duskanters as die lewe druk? Steeds na ons Saner-ma's se bekende kos! Vir daardie dae wanneer jou lus steeds uithang, maar jy nie meer jou ma kan bel om te vra :
Ma, hoe maak mens nie... Só MAAK MENS met seisoensgoete, ons RESEPTE van die dag:

AVOKADOSLAAI MET SPEK EN NEUTE:

1 pak gemengde slaaiblare
8 repe swoerdlose streepspek
1 groot, ryp avokado, gekap
125 ml Franse slaaisous
6 sprietuie, in ringe gesny met groen lowwe
4 snye witbrood sonder korsies
125 ml pekanneute, grof gekap

Breek die slaaiblare in kleiner stukkies en plaas in die slaaibak saam met die gesnyde sprietuie. Sny die spek in 1 cm-stukkies en roerbraai in 'n bietjie olie tot bros. Haal uit en dreineer op kombuispapier. Sny die brood in blokkies (1 cm x 1 cm) en braai in die dieselfde pan as die spek tot goudbruin.
Voeg 'n bietjie ekstra olie by indien nodig. Haal uit en dreineer. Sny die avokado en rangskik op die slaaiblare. Bedek met slaaisous. Sprinkel neute, spek en bros broodblokkies oor slaai net voor opdiening.

BOTTERSKORSIESOP

2 uie – gesny
Een botterskorsie – skoongemaak en in stukke geny
2 hoenderborsies – ontbeen en sonder vel
750ml water
Sout en Peper
Kook saam tot sag en gaar. Opsioneel: Bedien saam met room en 'n broodrolletjie.

Kos laat my dink aan my safari in Afrika. Iemand het die kurktrekker vergeet, en ons moes 'n hele paar dae net op kos en water oorleef.
-- *W.C. Fields*

Een van die resepte vir 'n suksesvolle lewe is om te eet wat jy wil, en dit aan die kos in jou maag oor te laat om dit uit te baklei.
-- *Mark Twain*

AGTEROS

"Man in die gat!"

Deur FLIP VAN STADEN

Flip was betrokke by die Veldskool-program wat leerlinge die kans gebied het om die natuur 'n week lank van naderby te kan beleef.

UIT aard van die saak was dit die hoof en personeel van die Veldskool wat met dié kopsere gesit het. Uiteenlopende spesies van opvoeders het daar aangekom en moes gemotiveer word om alles saam met die kinders te beleef.

By so 'n Veldskool se hoofkampus was die geriewe normaalweg nie te sleg nie. Die week se program het voorsiening gemaak dat die groep vir 'n paar dae, gewoonlik teen die einde van die besoek, in die veld sal wees waar hulle geleenthede gehad het om met die aarde kennis te maak.

Nou stel jou voor sulke fyn dametjies wat die meisies vergesel moet nou tevrede wees om haar slaapsak op die grond oop te sprei en haar lê te kry. (Moet darem sê met die ontwikkeling van die Veldskole het die geriewe darem baie verbeter, hulle het matrasse gekry om op die grond te sit!).

Van ander geriewe was daar nie veel sprake nie, dié wat vuil was en wou skoon kom, moes maar 'n skottel water neem en sy / haar ablusie eenkant gaan doen.

'n Toilet met lopende water kry jy nie maklik in die bosse nie. Aan die begin is daar gedink dat die besoekers van die katjie sisteem moes gebruik maak: grawe 'n gaatjie, doen jou ding en gooi weer toe. Kon gewerk het as jy elke slag op 'n ander plek gaan kamp. Dit sou egter gelol het as die tweede groep van 160 plus besoekers by 'n kampplek aanland.

Sommige Veldskole het gebruik gemaak van 'n soort chemiese toilet. As die houer vol raak, moes daar 'n gat gegrawe word waarin die inhoud leeggemaak is. Dit was harde en met permissie gesê onaromatiese werk: net dié wat sterk van ingewande was kon so'n taak verrig.

Ander Veldskole wie se veldbasisse tussen klippe en by harde grond aangelê is, moes noodgedwonge van die asemophou-sisteem gebruik maak. Dit het daarop neergekom dat arbeiders gehuur word om 'n diep gat te maak en dan word die nodige struktuur bo-oor die gat opgerig. Om dié geriefie te gebruik het behels dat jy voor die sak- of seilskerm staan, diep asem intrek, instorm, jou sit sit of jou staan staan, afrond met die nodige papierwerk, alles vas maak, optrek wat vasgemaak en opgetrek moet word, en dan haastig uitbeur voordat jy weer 'n slag asem intrek.

□ □ □

By een veldskool se basis het daar 'n lengte tou voor die skerm gehang. Die opdrag aan die besoekende dames was dat hulle die tou om hulle nekke moet bind voordat hulle ingaan sodat hulle wel uit die gat getrek sal kan word as die ondenklike gebeur en die bankie breek.

Op 'n keer is daar weer in die kloof by 'n veldbasis aangekom. Die meisies is ingelig oor die bou van skuilings en oor die spaarsamige gebruik van water en papier. Daarna is die personeel na hul skuiling ('n meer permanente een) geneem en hulle is ingelig oor hulle take en die werk is verdeel.

Een van die dames het net al erg begin rondtrap en kon nie gou genoeg tussen die bome verdwyn om by "Witbank", die onwelriekende geriefie, uit te kom, of sal ek sê in te kom nie.

Nadat sy so 'n paar sekondes binne was het sy skielik gillend daar uitgebars terwyl sy naarstigtelik probeer om haar self respektabel te maak. Op haar kollegas se vraag of daar 'n slang of ander ongedierte is, was haar antwoord: "Daar is 'n blessitse man in die gat!"
Een van die veldskoolpersoneel het vroeër die oggend die basis se handradio onder die bank versteek. Toe hy reken sy het haar sit gekry het hy gesê: "Askies dame, kan jy net so 'n bietjie anderkant toe sit, ons werk nog hier!" Later van tyd het dit 'n paar keer gebeur en telkens was die reaksie dieselfde, tot groot vreugde van die ander besoekende personeel wat oor die saak ingelig is sodra die slagoffer die hut verlaat.

As daar van my oud kollegas is wat saam Kammanuus lees, laat hoor van julle, en as daar van julle is wat "slagoffers" van die Veldskole was, sal ek graag ook julle stories hoor.

STAMBOOM

HOE BEGIN 'N MENS?
Julle gesoutes kan gerus hier help:

WHITE & VAN STADEN
linette.white@dst.gov.za Wil graag ons stamboomregister begin, en dit is 'n helse werk. Weet nie waar om te begin nie. Enige iemand wat my kan help oor waar ek rêrig begin soek?
Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

BOOYSE (Booijse)
bert.booyse@googlemail.com Ekskuis, ek is Engels. Looking for family of Nicholaas Johannes Rudolph Booyse (Booijse, then changed to Booyse). Emigrated to Southern Rhodesia about 1935.

BUITENDAG
skapiemb@gmail.com Kan julle asb vir my die familiewapen stuur van die Buitendags.

BREYTENBACH
ferdiejansen@yahoo.co.uk Ons het 'n spesifieke tak van die Breytenbach-familie nagevors tot by die stamvader.

COETZEE
Dirk Jacobus stompiec@telkomsa.net Ek soek meer inligting oor die Coetzee-familie. Ek weet die eerste Coetzee het in 1679 in die Kaap aan wal gestap. Ek het nou net die laaste familie se name. Oupa Frederik Johannes Jakobus Gysbert Coetzee getroud met Sophia Van Rhyn.

COETZEE
wspc@telkomsa.net Soek meer inligting oor Coetzee in Wes-Kaap. Oupagrootjie was Johannes Hermanus Coetzee.

DOUGLAS
ferdiejansen@yahoo.co.uk Ons het intensiewe navorsing gedoen oor die Suid-Afrikaanse Douglas-stamouers en het inligting bekom wat nog nie in die openbare domein beskikbaar is nie.

ELS
gert@seedmarketing.co.za Soek familiewapen en oorsprong van Else in SA. My Oupa was Gert Jeremiah Daniel Els, indien iemand iets weet van die voorvaders.

JANSEN
ferdiejansen@yahoo.co.uk Ons is besig om die nageslag van Zirke Jansen (1731 - 1772) in die vorm van 'n nasionale Jansen-register op te teken.

JANSEN VAN VUUREN vickyjvv@hotmail.com My ouers is Pieter Willem Jansen van Vuuren en my moeder Maria Petronella Susanna van den Heever. My pa se ma was Anna Jansen van Vuuren maar ek het geen idee wat my oupa se naam was nie. My Ma se Ma was Molly van den Heever.

KLEYNHANS
jank@cf.co.za Soek meer inligting oor Kleynhans-familie. Carel Rudolph Kleynhans was vermoedelik die stamname. Het huweliksertifikaat van Carel Rudolf en Elsie Cesilia Smit (1871) op die plaas Beestkraal, Kroonstad/Bothaville.

KRUGER
adele.joubert1@gmail.co.za Oupa aan vaderskant: Andries Johannes Kruger geb 26-09-1910, oorl Januarie 1984. Hy was getroud met Cornelia (2de naam onbekend) nooiensvan Muller as ek reg onthou. Sy is oorlede in die 70's.
Hulle het 6 kinders gehad waarvan een as baba oorlede is. Ben Kruger oorl 2009, Nellie Kruger, Andries Johannes Kruger (my pa) geb 21.02.1945 oorl 21.12.1999, Gert Kruger oorlede in 1982, Dirk Kruger. Het iemand dalk vir my meer inligting oor my oupa en uma en hulle stambome?

LUDICK
tuscany@vodamail.co.za Kan enige iemand my dalk help met die Ludick- stamboom.

LYON
hattys@telkomsa.net Ek soek meer inligting oor my voorsate met die van Lyon en persone met die selfde van of nooiensvan kan my gerus kontak.

NAGEL
Hendrik stompiec@telkomsa.net My nooiensvan was Nagel. Het al heelwat inligting maar mis nog skakels. Help asb ons "baie agterkleinkinders" wil ons stam navors.

PRETORIUS
antoinetterossouw@rocketmail.com My oupa was Theunis Petrus Pretorius, (Tola) my pa was Albertus Stephanus Pretorius.

REINTS BOK a48@elitegroup.co.za My oupa was Jan Johannes van Vryburg. Ons is maar min in die land.

ROODT
giel.roodt@sasol.com Ek verlang meer inligting oor Michael Daniel Roodt, oorlede 1970.

SCHOEMAN
Christo.Schoeman2@ABSA.co.za Wil graag die Schoeman-familiewapen kry as enige iemand die inligting het.